



# BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

NOVEMBER 2014 Nr 57

## IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"



### Fresh Expressions – deel van die antwoord!

In Oktober 2013 het die Algemene Sinode 'n verslag oor die missionale aard van die kerk goedgekeur en is Artikel 9 in die Kerkorde uitgebrei met "kerkplanting", as een van die pligte van predikante. Die program wat ons hiermee in die NG Kerk gaan help, is definitief die *mission shaped ministry*-kursus van *fresh expressions*.

Jean van Biljon skryf: "Ek het die afgelope naweek die voorreg gehad om die sertifikaat-oorhandiging van die eerste *mission shaped ministry*-kursus van *fresh expressions*, in Gauteng by te woon. Dit was die mees unieke kerkgeleentheid wat ek nóg bygewoon het. Die kursusgangers was versprei oor vele denominasies: die Metodiste kerk, die Presbiteriaanse kerk, die Anglikaanse kerk en die NG Kerk, oor alle ouderdomme, vanaf 22 tot 66 jaar, vanaf Polokwane tot Soweto. Divers, maar daar is een iets wat ons saamgebind het as broers en susters in die geloof en dit is om te sien hoe God se goeie nuus deur sy kerk, watter uitdrukking dit ook al mag wees, ná alle mense sal versprei. Oor die afgelope paar dekades was daar geen merkwaardige groei in die historiese kerke nie. Indien daar wel gemeentegroei in 'n gemeente plaasgevind het, was die nuwe lidmate meestal reeds lidmate van 'n historiese kerk. Die pentakostalistiese-beweging aan die ander kant, het ongekende groei die afgelope paar dekades beleef. God kan weer nuwe lewe in die historiese kerk blaas en ons glo dat *fresh expressions* die voertuig is waarmee Hy dit wil doen."

'n Vars gestalte van kerkwees word as volg beskryf: *A fresh expression is a form of church for our changing culture, established primarily for the benefit of people who are not yet members of any church.* Daarom nooi ons jou graag uit om deel te word van hierdie uitsonderlike reis. Die *msm*-kursus word volgende jaar op 10 verskillende plekke oor die land heen aangebied, waarvan die Vrystaat ook deel vorm. *Shepherd* bied dit oor vier blokke aan. As jy nog onseker is oor óf jy en jou gemeenteleiers vir die kursus moet inskryf, dan kan jy vir Jean nooi om die *msm*-kursus by julle te kom bekendstel, of ons kan die inleidende *msi*-kursus (*mission shaped introduction*) vir alle belangstellendes in die gemeente kom aanbied.

Ons glo dat *fresh expressions* deel van God se antwoord vir die kerk in hierdie wêreld is. Is jy gereed vir hierdie reis...?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...  
Gerhard Botha



## VBO-VOETPAD

2 – 3 FEBRUARIE 2015:

**Teologiese dag en gesprek met Fakulteit**

**Tema:** "Die wêreld van die dominee en die dominee in die wêreld."

**Erediens:** Ds Martin Laubscher

**Spreekers:** Prof Yolanda Dreyer (UP) - Die wêreld van die dominee  
Prof Theo Neethling (Dept Politieke Wetenskap) - Dominee in die wêreld, 'n politieke perspektief.

Theo Vorster (Sakegesprek) - Dominee in die wêreld, 'n ekonomiese perspektief.

**Gesprekke:** Middaggesprek met twee departemente naamlik: Nuwe Testament en Sisematiese Teologie.

Dinsdag EBB gesprek met leraars (inligting sal volg).

**Plek:** UV-Kampus

**VBO-punte:** 20

**Registrasie:** SMS D54675, u naam na 31029

**Fresh Expressions** (sien artikel langsaan)

**LW:** "Launch Day" van 19 November is uitgestel. SMS asseblief nog steeds die volgende kode indien u meer inligting in die toekoms sou wou ontvang.

**Registrasie:** SMS D60314 en u naam na 31029

**Vir wie is die kursus bedoel?** Leraars, lidmate, gemeenteleiers en sendelinge; diegene wat besig is om 'n nuwe bediening te ontwikkel; diegene wat beplan om 'n nuwe bediening te begin; diegene wat hul bestaande gemeente wil transformeer om meer missionaal te wees; alle denominasies, tradisies en ouderdomme; stedelike, voorstedelike en plattelandse kontekste.

Die **aard van die kursus** is teologies-missionaal, prosesgedrewe en praktyk-georiënteerd. **Wat is die waardes van die kursus?** Ekumenies, geestelik verrykend, aanpasbaarheid, gemeenskapvormend, diversiteit & inklusiwiteit is prioriteit, volwasse onderrig, praktyk-georiënteerd, gebedsgebaseerd.

Tydens die opleiding, wat 'n reis van 'n jaar oor vier byeenkomste insluit, sal kursusgangers 24 modules deurloop. Voorbeelde van temas: God se sending, Missionale gemeenteweese, Dissipelskap, Evangelisasie, Missionale leierskap, Missionale waardes, Evangelie en kultuur, Kinders en jeug, Missionale kleingroepe, Ontwikkeling van nuwe bedieninge; Plattelandse *fresh expressions*. Die kursus sal in Afrikaans en Engels aangebied word.

**Teken asseblief solank die volgende datums aan:**

**Blok 1: 23 – 25 FEBRUARIE 2015**

**Registrasie:** SMS D73967 en u naam na 31029

**Blok 2: 1 – 3 JUNIE 2015**

**Registrasie:** SMS D80886 en u naam na 31029

**Blok 3: 27 – 29 JULIE 2015**

**Registrasie:** SMS D24941 en u naam na 31029

**Blok 4: 26 – 28 OKTOBER 2015**

**Registrasie:** SMS D60954 en u naam na 31029



Like ons op Facebook:  
*Shepherd Centre UFS*

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.